Nieteenstaande hierdie ongunstige ontwikkelings, het die Reserwebank voortgegaan met sy beleid om rentekoerse afwaarts te lei met 'n aantal ordelike verminderrings in sy Bankkoers. Die Bank het die standpunt ingeneem dat die nuwe depresiasie van die rand en die volgehoud hoë inflasiekoers ná Julie die resultaat van hoofsaaklik nie-ekonomiese ontwikkelings was en *nie* van oorbesteding of oormatig lae rentekoerse nie. Onder hierdie omstandighede, en gegewe die resessietoestand in groot dele van die binnelandse ekonomie, het die Bank dit wenslik geag om by te dra tot die benutting van die ruimte wat daar in die ekonomie vir groter besteding en produksie bestaan, eerder as om te probeer om die rand te versterk deur rentekoerse te verhoog en in die algemeen klassieke deflasie toe te pas.

Die Staatspresident en die Minister van Finansies het ook verskeie fiskale maatreëls aangekondig om ekonomiese herstel te bevorder, en huurkoopvoorwaardes is verslap. In die mate wat hierdie maatreëls groter verbruiksbesteding en investering sal bevorder, word verwag dat hoér produksie en werkverskaffing bereik sal word sonder om bykomende inflasioneerse druk te skep of die oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans in gevaar te stel.

Die verwagte scenario vir 1986 is een van matige ekonomiese groei met 'n volgehoud, alhoewel kleiner, oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans en geen beduidende vraagdruk op pryse nie. Die verbruikersprysindeks sal egter aanvanklik voortgaan om 'n betreklik hoë koers van toename te toon, hoofsaaklik as gevolg van die uitwerking van die jongste depresiasie van die rand op invoer- en ander pryse.

Binnelandse ekonomiese ontwikkelings

Binnelandse produksie

Voorlopige gegewens dui daarop dat die ekonomiese afswaai wat sedert die middel van 1984 ondervind is, in die derde kwartaal van 1985 begin afplat het. Reeds in April 1985 het die saamgestelde indeks van leidende konjunktuur-aanwysers, wat homself as 'n betreklik betroubare voorspeller van ekonomiese bedrywigheid bewys het, 'n naderende herstel in ekonomiese bedrywigheid voorspel, maar tot die einde van die derde kwartaal is dit nog nie deur 'n ooreenstemmende verandering in die indeks van samevallende aanwysers bevestig nie. Veranderings in die produksie- en bestedingstotale in die nasionale rekeninge het egter opmerklik verskil van dié in die voorafgaande vier kwartale wat deur die ekonomiese afswaai gekenmerk is.


Van besondere belang was die matige toename in die bruto binnelandse produk, wat op 'n aansienlike afname gedurende die voorafgaande vier kwartale gevvolg het. Alhoewel die toename in reële produksie 'n eng basis gehad het en grotendeels tot die primêre sektore van

die ekonomie beperk was, was dit groot genoeg om nie deur die afnames in die reële produksie van die ander sektore van die ekonomie geneutraliseer te word nie.

Goudmynbouproduksie, wat in die tweede kwartaal deur arbeidstakings gedemp is, het in die derde kwartaal skerp toegeneem. Ander sektore wat tot die toename in reële produksie bygedra het, was die landbou (wat 'n toename in die mielieproduksie weerspieël het), die uitvoergeoriënteerde nie-goudmynbousektor en die sektor wat elektrisiteit, gas en water voorsien. Daarbenewens, het die nywerheidsproduksie wat regstreeks betrekking het op noodsaklike verbruikersgoedere, soos die verwerking van voedsel en die vervaardiging van klerasie, sowel as die reële toegevoegde waarde van die motorhandel in die derde kwartaal skerp toenames getoon. Ter selfdertyd het die koers van afname in die reële toegevoegde waarde van die kleinhandel merkbaar verlangsaaam. Aan die ander kant het die produksie van die hele fabriekswese- en handelsektor, die konstruksiesektor en die vervoersektor gedurende die derde kwartaal 'n volgehoue daling getoon.

In die eerste drie kwartale van 1985 was die reële bruto binnelandse produk ongeveer $\frac{1}{2}$ persent laer as in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande jaar. Tans is die aanduidings dat 'n soortgelyke afname in 1985 in sy geheel ondervind kan word.


Reële bruto binnelandse produk



Binnelandse besteding

Die volgehoue afname in reële bruto binnelandse besteding gedurende die vier kwartale tot die middel van 1985 het in die derde kwartaal van 1985 aansienlik verlangsaaam. Al die hoofbestedingskomponente het tot hierdie verlangsaming in die koers van afname bygedra, in besonder reële voorraadinvestering wat in werklikheid

Reële bruto binnelandse besteding



toegeneem het. Reële bruto binnelandse besteding was in die eerste drie kwartale van 1985 ongeveer $7\frac{1}{2}$ persent laer as sy vlak in die ooreenstemmende tydperk van 1984.



Wat veranderings in die hoofbestedingskomponente betref, het die reële private verbruiksbesteding in die derde kwartaal van 1985 volgehou om te daal, maar teen 'n aansienlik laer koers as gedurende die voorafgaande vier kwartale. Groter besteding aan duursame goedere was grootliks vir hierdie stadiger afname verantwoordelik. Terselfdertyd het die reële verbruiksbesteding aan semi-duursame goedere en nie-duursame goedere ook laer koerse van afname aangeteken. Daarteenoor is 'n matige toename in die reële besteding aan dienste in die tweede kwartaal deur 'n daling in die derde kwartaal gevvolg. Dit was in hoofsaak 'n regstreekse gevolg van die depresiasie van die rand wat die uitwerking gehad het om die besteding aan dienste deur Suid-Afrikaanse inwoners in die buiteland te verminder. In die eerste drie kwartale van 1985 was die totale reële private verbruiksbesteding ongeveer $3\frac{1}{2}$ persent onder die vlak in die ooreenstemmende tydperk van verlede jaar.

Die dalende neiging in die reële owerheidsverbruiksbesteding in die eerste helfte van 1985 is gevvolg deur 'n effense toename in die derde kwartaal. 'n Afname in die reële vergoeding van werknemers is meer as geneutraliseer deur 'n styging in die ander vorme van reële verbruiksbesteding. As die eerste drie kwartale van 1985 vergelyk word met die ooreenstemmende tydperk in 1984, het die reële verbruiksbesteding deur die algemene owerheid min of meer onveranderd gebly.

Die stadiger afname in die reële bruto binnelandse besteding is ook weerspieël in 'n verlangsaming van die afname in die reële vaste kapitaalbesteding. In vergelyking met die tweede kwartaal van 1985, is kleiner afnames aangeteken in die reële vaste kapitaalbesteding deur die private sektor en die openbare owerhede, maar 'n verdere toename het voorgekom in die reële vaste kapitaaluitgawes van die openbare korporasies. In die private sektor het die reële vaste investering in die mynbou en fabriekswese in die derde kwartaal aansienlik gedaal, maar hoër kapitaalbesteding deur die ander sektore het gehelp om hierdie afnames gedeeltelik teen te werk. Klaarblyklik in reaksie op die verslapping van monetêre beleid en die gepaardgaande laer rentekoerse, het die private sektor se reële investering in masjinerie en ander toerusting wat deur middel van bruikhuurooreenkomste gefinansier is, in die derde kwartaal aansienlik toegeneem. Opmerklike toenames in reële kapitaalbesteding deur die algemene owerheid het ook in die derde kwartaal van 1985 voorgekom. In die eerste drie kwartale van 1985 het die totale reële vaste investering met 4 persent gedaal in vergelyking met die ooreenstemmende tydperk van 1984.

Ná 'n aansienlike intering op voorrade in die eerste en tweede kwartale van 1985, het reële voorrade in die derde kwartaal marginaal toegeneem. Hierdie onderbreking van die afwaartse neiging was hoofsaaklik toe te

Komponente van reële bruto binnelandse besteding



skryf aan toevoegings tot landbouvoorraad en diamantvoorraad-in-die-handel. Verminderings van mynbouvoorraad en handels- en nywerheidsvoorraad het gedurende die derde kwartaal voortgeduur. Uitgedruk as 'n verhouding van die reële bruto binnelandse produk van die nie-landbousektore, het reële handels- en nywerheidsvoorraad afgeneem van 22,9 persent in die vierde kwartaal van 1984 tot 21,8 persent in die derde kwartaal van 1985.

Faktorinkome en besparing


Die toename in die nominale bruto binnelandse produk teen faktorkoste het in die derde kwartaal van 1985 opmerklik verlangsaam. Albei komponente van faktorinkome (nl. vergoeding van werknemers en bruto bedryfsurplus) het tot die stadiger toename bygedra, maar die resessioneire stand van die ekonomie was veral waarneembaar in die groei van nominale arbeidsvergoeding. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het die totale vergoeding van werknemers gedurende die tweede helfte van 1984 nog met $13\frac{1}{2}$ persent toegeneem. Die daaropvolgende verlangsaming in die groei van indiensneming, hoër werkloosheidskoerse en laer koerse van loonooreenkomste, het egter meegebring dat dit in die eerste helfte van 1985 teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van slegs $8\frac{1}{2}$ persent gestyg het en in die derde kwartaal met $3\frac{1}{2}$ persent. Met inagneming van die snelle groei in Suid-Afrika se arbeidsmag en die huidige hoë inflasiekoers, is dit duidelik dat, in terme van reële verdienste per capita, arbeidsvergoeding gedurende die eerste drie kwartale van 1985 aansienlik gedaal het. Die verlangsaming in die totale vergoeding van werknemers was taamlik wydverspreid tussen die verskillende sektore van die ekonomie, maar dit was veral opvallend in die fabriekswesesektor waar die totale loonsom tussen die tweede en die derde kwartaal onveranderd gebly het.

Die bruto bedryfsurplus het van die tweede helfte van 1984 tot die eerste helfte van 1985 aanmerklik toegegaan en in die derde kwartaal 'n verdere matige stijging getoon. Vergeleke met die eerste drie kwartale van 1984, het die toename in die ooreenstemmende tydperk van 1985 $13\frac{1}{2}$ persent bedra, wat effens laer as die inflasiekoers was. Die bruto bedryfsurplus van die mynbousektor het gebaat by die hoë rand-uitvoerpryse sowel as hoër uitvoervolumes in die eerste helfte van 1985 en ook in die derde kwartaal. Skerp afnames in die bruto bedryfsurplus van veral die fabriekswese- en konstruksiesektor was verantwoordelik vir die laer koers van toename in die totale bedryfsurplus in die derde kwartaal.

Die bruto binnelandse besparing het in die derde kwartaal verder toegeneem en het, uitgedruk as 'n persentasie van die bruto binnelandse produk, by benadering op die vlak van sy langtermintendens van ongeveer 30 persent te staan gekom. Hierdie verbeterde besparingsprestasie was soveel te meer merkwaardig as in aanmerking geneem word dat die besparingsverhouding so onlangs as die tweede kwartaal van 1984 slegs $20\frac{1}{2}$ persent bedra het. Boonop het die bruto binnelandse besparing in werklikheid die bruto binnelandse investering oorskry sodat surplusfondse beskikbaar was om die land se buitelandse skuldverpligtings te verminder.

Die verbeterde spaarprestasie in die derde kwartaal was hoofsaaklik toe te skryf aan 'n afname in die algemene overheidssektor se ontsparing. Dit was op sy beurt die gevolg van hoër belastingontvangste eerder as 'n be-

Nominale faktorinkome




snoeiing van die toename in uitgawes. Persoonlike besparing het effens gedaal, maar met persoonlike beskikbare inkomes wat ook laer was, het die persoonlike besparingsverhouding tussen die tweede en derde kwartaal slegs in geringe mate gedaal. Die beperkte kontantvloei van maatskappye, as gevolg van die resessietoestand van die ekonomie, het veroorsaak dat die besparing van maatskappye ook in die derde kwartaal gedaal het, maar hoër voorsienings vir waardevermindering het hierdie daling oortref.

Werkverskaffing, arbeidsvergoeding en produktiwiteit*

As 'n weerspieëeling van die ekonomiese afswaai, het die nie-landbouwerkverskaffing vanaf die vierde kwartaal van 1984 begin afneem. Hierdie afname het gedurende die eerste twee kwartale van 1985 voortgeduur, toe op-eenvolgende afnames teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van 2,3 persent en 2,4 persent aangeteken is.

*Omvattende gegewens oor werkverskaffing en arbeidsvergoeding is slegs tot die tweede kwartaal van 1985 beskikbaar.

Nie-landbouwerkverskaffing



Die afname in die eerste kwartaal was gekonsentreer in die werkverskaffing deur die openbare owerhede. Laasgenoemde het teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 2,7 persent gedaal, vergeleke met 'n afname van 2,2 persent in die werkverskaffing deur die private sektor. In die tweede kwartaal het die werkverskaffing deur die openbare owerhede en die private sektor met onderskeidelik 1,5 persent en 2,7 persent gedaal. Die afdanking van werknemers gedurende drie opeenvolgende kwartale het meegebring dat die nie-landbouwerkverskaffing tot 'n vlak gedaal het wat in die tweede kwartaal van 1985 0,7 persent laer was as in die ooreenstemmende kwartaal van 1984.

Beskikbare gegewens vir Julie en Augustus toon dat die werkverskaffing in die fabriekswese en deur die SA Vervoerdienste verder gedaal het, terwyl die werkverskaffing deur die konstruksiesektor op ongeveer dieselfdevlak as in die tweede kwartaal gebly het. Daarenteen het die aantal persone in diens by goud- en ander myne en die elektrisiteitsopwekkingsbedryf in die derde kwartaal in werklikheid gestyg.

Onder hierdie omstandighede het werkloosheid aanklik toegeneem. Die seisoensaangesuiwerde aantal geregistreerde werklose Blanke, Kleurlinge en Asiërs

het gestyg van 40 570 in Desember 1984 tot 65 080 in Junie 1985 en tot 71 050 in September. Geregistreerde Swart werkloosheid, seisoensaangesuiwerd, het oor hierdie tydperk 'n stygging van dieselfde orde getoon.

In Oktober 1985 het die Minister van Mannekrag 'n program aangekondig om werkloosheid te verlig. Benevens die bedrag van R100 miljoen wat reeds in die Maart 1985-Begroting voorsien is, sal dit die besteding van R500 miljoen behels. Hierdie fondse is spesifiek bestem vir die opleiding van werklose persone asook vir werkskeppende projekte. Vroeg in November het ongeveer 20 000 persone hul opleiding kragtens hierdie programme voltooi. Daarbenewens is 40 000 persone by spesiale projekte, uitsluitende die selfbou-behuisingprojekte, in diens geneem.

Die toename in nominale salaris en lone per werknemer in die nie-landbousektore van die ekonomie het verlangsaam van 15,8 persent in 1984 tot 11,8 persent in die eerste helfte van 1985 (vergeleke met die eerste helfte van 1984). In reële terme het die vergoeding per werknemer in 1984 met 3,7 persent gestyg, maar in die eerste helfte van 1985 was dit 3,4 persent laer as in die ooreenstemmende tydperk van 1984. In die eerste helfte van 1985 was die toename in die salaris en lone van werknemers in diens van die openbare owerhede gemiddeld ongeveer gelyk aan dié van werknemers in die private sektor.


Arbeidsproduktiwiteit, soos gemeet deur die reële bruto binnelandse produk per werknemer in die nie-landbousektore, het in die vierde kwartaal van 1984 begin daal. In die eerste helfte van 1985 was die produktiwiteit 1,9 persent laer as in die ooreenstemmende tydperk van 1984.

Pryse

Vanaf vroeg in 1984 het die inflasiekoers, soos gemeet deur stygings in sowel verbruikers- as produksiepryse, aansienlik versnel, hoofsaaklik as gevolg van vraaginflasie en die gepaardgaande depresiasi van die rand. Teen die middel van 1985 het die meeste vraagdruk egter verdwyn en die wisselkoers het gestabiliseer. Gevolglik het die vooruitsig bestaan dat die inflasiekoers gou 'n hoogtepunt sou bereik en daarna sou verlangsaam. Die hernieuwe skerp depresiasi van die rand teen die einde van Julie en gedurende Augustus sal egter ongetwyfeld weerspieël word in 'n verdere versnelling van die inflasiekoers op die kort termyn.

Oor 'n tydperk van twaalf maande gemeet, het die toename in verbruikerspryse versnel van 'n laagtepunt van 10,0 persent in Februarie 1984 tot 16,4 persent in Junie 1985 en 16,8 persent in Oktober. Op dieselfde wyse gemeet, het die toename in produksiepryse versnel van 'n laagtepunt van 6,6 persent in Mei 1984 tot 16,7 persent in Junie 1985 en tot 16,8 persent in September. Ter illustrasie van die invloed van die depresiasi van die rand, kan gemeld word dat die styging oor twaalf maande in die invoerprys komponent van die produksieprysin-

Pryse



deks versnel het van 3,5 persent in Mei 1984 tot 24,5 persent in Junie 1985, voordat dit effens verlangsaam het tot 21,1 persent in September.

Betalingsbalans

Lopende rekening

Die lopende rekening van die betalingsbalans toon reeds sedert die vierde kwartaal van 1984 'n oorskot. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het die oorskot progressief toegeneem van 'n matige R0,7 miljard in die vierde kwartaal van 1984 tot R5,4 miljard in die tweede kwartaal van 1985 en tot R6,9 miljard (5,8 persent van die bruto binnelandse produk) in die derde kwartaal. In terme van VSA-dollars en gemeet teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers, het die oorskot op lopende rekening van \$2,7 miljard in die tweede kwartaal tot \$3,0 miljard in die derde kwartaal toegeneem. In die eerste drie kwartale van 1985 het die oorskot op die lopende rekening R4,2 miljard bedra, vergeleke met 'n tekort van R1,5 miljard in 1984 as 'n geheel.

Die goudproduksie, wat in die tweede kwartaal van 1985 aansienlik gedaal het as gevolg van arbeidstakings by sekere goudmyne, het 'n groot volumetoename getoon toe dit in die derde kwartaal weer tot sy normalevlak teruggekeer het. Terselfdertyd het die randprys van goud van 'n gemiddelde van R627 per fyn ons in die tweede kwartaal tot R739 in die derde kwartaal gestyg. Gesamentlik het hierdie volume- en prysstygging meegebring dat die waarde van die netto goudproduksie in die derde kwartaal met 29 persent toegeneem het.

In terme van VSA-dollars, was die toename in die goudprys baie matiger naamlik van 'n gemiddelde van \$319 per fyn ons in die tweede kwartaal tot \$324 in die derde kwartaal. Die dollarprys van goud het nie op die opmerklike verswakking van die dollar gedurende die derde kwartaal gereageer nie. Dit was klaarblyklik gedeeltelik toe te skryf aan die lae inflasiekoerse en gepaard-

Lopende rekening van die betalingsbalans


Seisoensaangesuiwerde jaarkoers
R miljoene

	1984	1985		
	4e kw	1e kw	2e kw	3e kw
Goedere-uitvoer	14 375	17 850	19 670	19 980
Netto goudproduksie	13 706	14 250	12 620	16 320
Goedere-invoer	-22 747	-22 630	-21 540	-22 900
Handelsbalans	5 334	9 470	10 750	13 400
Netto diensten- en oordragbetaalings	-4 677	-5 140	-5 350	-6 540
Saldo op lopende rekening	657	4 330	5 400	6 860


gaande hoë reële rentekoerse in die nywerheidslande en die algemene daling in internasionale kommoditeitspryse.

Die waarde van die goedere-uitvoer het in die derde kwartaal van 1985 slegs effens toegeneem, naamlik met 1½ persent. In volumeterme het die uitvoer in werklikheid met 3 persent gedaal, maar uitvoerpryse in rand het met 4½ persent gestyg. Vantevore, tussen die derde kwartaal van 1983 en die tweede kwartaal van 1985, het die volume van die uitvoer met nie minder nie as 48 persent gestyg. Volumedalings in die derde kwartaal was opmerklik in die uitvoerklassie steenkool, ystererts, suiker en wol.


Lopende rekening van betalingsbalans



Goedere-uitvoer



Goedere-invoer



Sowel prys- as volumetoenames was verantwoordelik vir 'n uitbreiding van ongeveer 6 persent in die waarde van die goedere-invoer gedurende die derde kwartaal van 1985. Nadat die volume van die invoer ononderbroke afgeneem het van die derde kwartaal van 1984 tot die tweede kwartaal van 1985, het dit in die derde kwartaal effens toegeneem, naamlik met ongeveer 2 persent. Toenames het in die invoerklassie mineraalprodukte, chemikalieë en plastiese materiale voorgekom. Al die ander hoofklassie van invoer het egter gedaal; in besonder het die invoer van masjinerie en elektriese toerusting en vervoertoerusting in die derde kwartaal verder afgeneem.


Netto dienste- en oordragbetalings aan buitelanders het gedurende die derde kwartaal van 1985 skerp gestyg vanweë toenames in feitlik alle klasse dienstebetalings. 'n Besonder groot styging is in dividendbetalings uit onverdeelde winste deur sommige buitelandbeheerde maatskappye aangeteken. As gevolg van hierdie praktyk word sodanige maatskappye vanaf 1 Oktober 1985 toegelaat om slegs dividende op winste wat na 1 Januarie 1984 verdien is, te repatrieer.

Kapitaalrekening

Gedurende die eerste drie kwartale van 1985 is die kapitaalrekening van die betalingsbalans opeenvolgend gekenmerk deur 'n aansienlike netto uitvloei van kapitaal in die eerste kwartaal, 'n klein netto uitvloei in die tweede kwartaal en 'n hernieuwe groot netto uitvloei in die derde kwartaal. In totaal het die kapitaaluitvloei nie verwant aan reserwes nie gedurende die eerste nege maande van die jaar R5,4 miljard bedra, vergeleke met 'n uitvloei van slegs R19 miljoen in 1984 as geheel.

Die hernieuwe uitvloei van kapitaal gedurende die derde kwartaal van 1985 het hoofsaaklik verband gehou met

Betalingsbalans: Netto kapitaalbewegings



die opskorting van kredietfasiliteite deur sekere buitelandse banke en die verskerpte disinvesteringsveldtog teen die land. Nie alleen was daar 'n groot netto uitvloei van korttermynkapitaal ten bedrae van R2,6 miljard nie, maar vir die eerste keer sedert die derde kwartaal van 1983 het daar ook 'n netto uitvloei van langtermynkapitaal, ten bedrae van R349 miljoen, voorgekom. Terugbetalings op buitelandse lenings deur die Tesourie en netto verkope deur buitelanders van effekte wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer word, het nuwe lenings wat deur die openbare korporasies in die buiteland verkry is voor die instelling van die stilstandreëlings ten opsigte van die terugbetaling van buitelandse skuld op 2 September, meer as geneutraliseer.

Netto kapitaalbewegings¹

R miljoene

	1985		
	1e kw	2e kw	3e kw
Langtermynkapitaal			
Sentrale regering en banksektor	3	-48	-249
Openbare korporasie en plaaslike owerhede	104	469	243
Private sektor			
Netto aankope van effekte deur buitelanders	352	-236	-306
Ander	-104	-81	-37
Totaal	355	104	-349
Korttermynkapitaal, insluitende onaangegetekende transaksies.	-2 808	-113	-2 618
Totale kapitaalbewegings	-2 453	-9	-2 967

¹ Uitgesonderd veranderings in buitelandse asse verwant aan reserwes.

Die groot netto uitwaartse beweging van korttermynkapitaal gedurende die derde kwartaal het met ongunstige vervroegings en vertragings in buitelandse betatings en ontvangste, wat op 'n verwagte verdere depresiasie van die rand gebaseer was, en gedeeltelik met die terugbetaling van buitelandse korttermynskuld verband gehou. Na die instelling van die stilstandreëlings is groot terugbetalings gemaak op lenings wat nie aan die "stilstand" onderhewig is nie. Terselfdertyd was daar in 'n mate 'n oorskakeling in die finansiering van die invoer van 'n krediet- na 'n kontantbasis of selfs na 'n stelsel van vooruitbetalings. Hierbenewens het verwagtings van 'n verdere depresiasie van die rand uitvoerders aangespoor om uitvoerontvangste te vertraag deur krediet aan hul kliënte toe te staan.

Buitelandse reserwes

As gevolg van die aansienlike uitvloei van kapitaal nie verwant aan reserwes nie, het Suid-Afrika se netto gouden ander buitelandse reserwes in die derde kwartaal van 1985 met R1,5 miljard gedaal, vergeleke met 'n toename van R1,4 miljard in die voorafgaande kwartaal. Gedurende Oktober het die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank met R352 miljoen toegeneem.

Wisselkoerse

Die effektiewe, d.w.s. die geweegde gemiddelde, wisselkoers van die rand het van die einde van September 1983 tot die einde van Januarie 1985 aansienlik gedaal. Daarna het 'n tydperk van betreklike wisselkoersstabiliteit tot die derde week van Julie gevolg toe die rand weer skerp begin depresieer het in reaksie op die ontrekking van fondse deur buitelandse beleggers en krediteure. Die groot vraag na buitelandse valuta het uiteindelik aanleiding gegee tot die tydelike sluiting van die


Veranderings in die kommersiële wisselkoers van die rand %

	30 Sept 1983 tot 31 Jan 1985	31 Jan 1985 tot 29 Jun 1985	29 Jun 1985 tot 27 Aug 1985	27 Aug 1985 tot 26 Nov 1985
Geweegde gemiddelde	-34,7	-1,7	-27,2	-3,2
VSA-dollar	-44,3	0,5	-25,9	-0,7
Britse pond	-26,3	-12,5	-31,1	-5,0
Duitse mark	-33,1	-3,3	-32,6	-8,0
Switserse frank	-29,9	-4,2	-34,1	-7,7
Japanse yen	-40,0	-1,8	-29,5	-15,3
Franse frank	-32,6	-3,6	-32,7	-8,1

valutamark op 27 Augustus en die instelling op 2 September van 'n stilstandreëling ten opsigte van die terugbetaling van sekere vorms van buitelandse skuld. Die wisselkoers van die kommersiële rand het op 2 September 'n kortstondige styging getoon, maar daarna gou weer afwaarts gesweef.

Die verswakking van die VSA-dollar vanaf die einde van Augustus 1985 het aanvanklik tot 'n effense appresiasi van die kommersiële rand teenoor die VSA-dollar geleid. Soos in die bygaande tabel getoon word, het die rand egter daarna tot 26 November 1985 voortgegaan om

Wisselkoerse



teenoor al die belangrike geldeenhede, in besonder die Japanse yen, te depresieer.


Die wisselkoers van die heringestelde finansiële rand het op 2 September op 37 VSA-sent geopen. Vervolgens het dit met 35 persent tot 24 VSA-sent op 5 November gedaal om 'n diskonto van 37,9 persent teenoor die kommersiële rand te weerspieël, voordat dit weer tot 31 VSA-sent op 26 November toegeneem het. Laasgenoemde het 'n diskonto van 17,1 persent in verhouding tot die kommersiële rand verteenwoordig.

Finansiële ontwikkelings

Veranderings in die geldvoorraad

Die groeikoers van die geldvoorraad het gedurende die derde kwartaal van 1985 volgehou om te verlangsaam. Oor 'n tydperk van twaalf maande gemeet, het die koers van toename in M3 van 24,7 persent in November 1984 tot 15,4 persent in September 1985 afgeneem. Die vergelykbare groeikoerse van M1 en M2 het van onderskeidelik 39,6 persent en 28,9 persent in November 1984 tot onderskeidelik 5,5 persent en 14,6 persent in September 1985 verlangsaam. Die meer opvallende verlangsaamming in die groeikoerse van die enger monetêre totale as in dié van M3 was 'n weerspieëling van 'n verskuiwing van kort- en middeltermyndeposito's na langtermyndeposito's in reaksie op die skerper afname in kort-

Geldvoorraad



termynrentekoerse, in vergelyking met langtermynkoerse, en 'n verwagte verdere aanpassing in die rentekoersstruktuur.

Die verskuiwing in deposito's word selfs duideliker weerspieël in die seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van toename in M3, M2 en M1, wat gedurende die derde kwartaal onderskeidelik 12,2 persent, 12,7 persent en -19,5 persent bedra het, vergeleke met onderskeidelik 13,2 persent, 6,0 persent en -4,8 persent gedurende die voorafgaande kwartaal. Hierdie volgehoue verlang-saming in die groeikoers van die geldvoorraad het op 'n verdere afname in monetêre vraag gedurende die derde kwartaal gedui. Die omloopsnelheid van die verskillende monetêre groothede het gedurende hierdie tydperk min of meer onveranderd gebly.

Die hoofteenhanger van die verandering in die breë geldvoorraad (M3) gedurende hierdie tydperk was 'n toename in totale krediet wat deur die bankstelsel voorsien is. Die ander hoofteenhanger van M3, naamlik die netto goud- en ander buitelandse reserwes, het gedurende die derde kwartaal weer 'n vernouende invloed op die geldvoorraad gehad.

Bankkrediet

Die koers van toename oor 'n tydperk van twaalf maande in die totale kredietverlening deur die bankstelsel het van 'n onlangse hoogtepunt van 23,5 persent in Maart 1985 tot 15,2 persent in Augustus afgeneem voordat dit weer tot 18,2 persent in September versnel het. Hierdie versnelling was hoofsaaklik toe te skryf aan 'n aansienlike toename in netto bankkrediet aan die regeringsektor, wat 'n afname in regeringsdeposito's weerspieël het. Ten spyte van groot belastingbetalings aan die Sentrale Regering aan die einde van Augustus is re-

geringsdeposito's verminder deur groter owerheidsbesteding gedurende 'n tydperk toe slegs beperkte netto uitgiftes van staatseffekte gemaak is. Op 'n soortgelyke wyse gemeet, het die groeikoers van bankkrediet aan die private sektor van 27,1 persent in Maart tot 19,1 persent in Augustus afgeneem, maar in September marginaal tot 19,7 persent versnel.

Die verswakking in die private sektor se vraag na bankkrediet het in die algemeen die verdere afname in reële bruto binnelandse besteding gedurende die eerste drie kwartale van 1985 weerspieël. Veral die vraag na krediet om aankope van duursame verbruiksgoedere en kapitaalbesteding te finansier het aansienlik minder as in 1984 gestyg. Huurkoopkrediet en bruikhuurfinansiering wat deur die banke voorsien is, het in werklikheid vanaf die einde van 1984 tot die einde van September 1985 afgeneem. Ander lenings en voorskotte deur banke het egter gedurende hierdie tydperk 'n stygende neiging volgehoud. Hierdie vorme van krediet is hoofsaaklik deur maatskappye gebruik om kleiner kontantvloeie aan te vul, om opgelope rente op lenings wat reeds vroeër aangegaan is te kapitaliseer en, meer onlangs, om 'n oorskakeling van buitelandse na binnelandse bronne van financiering van die handel met ander lande te dek.


Ten spyte van die laer rentekoerse en 'n verslapping in huurkoopvooraardes gedurende die derde kwartaal, het die vraag na huurkoopkrediet nie enige opmerklike toename getoon nie.

Reserwebankoptrede in finansiële markte

Die Reserwebank se optrede in die finansiële markte vanaf Augustus was hoofsaaklik gerig op die teenwerking van die negatiewe uitwerking van die abnormale sosio-politieke gebeure asook om 'n ordelike afwaartse aanpassing in rentekoerse te verseker. Ten einde die uitwerking van die groot netto verkope van buitelandse valuta deur die Reserwebank gedurende Augustus en September asook die aansienlike belastingbetalings aan die Regering oor die Augustusmaandeinde teen te werk, het die Reserwebank die mark op verskeie manier bygestaan.

Ten eerste is die Reserwebank se netto verkope van staatseffekte van R2 139 miljoen in die tweede kwartaal van 1985 tot R376 miljoen in die derde kwartaal en tot R51 miljoen in Oktober verminder. Ten tweede het die Reserwebank vanaf 30 Augustus verskeie terugkoopoorseenkomste met bankinstellings aangegaan. Al hierdie ooreenkoms het teen 6 November verval maar nuwe ooreenkoms ten bedrae van R300 miljoen is weer daarna aangegaan. Ten derde is fondse van die Korporasie vir Openbare Deposito's wat by die diskontohuise geplaas is tot die einde van Oktober op ongeveer R750 miljoen gehandhaaf, maar daarna is dit op 19 November tot R50 miljoen verminder voordat dit weer op 26 November tot R800 miljoen verhoog is. Ten laaste is die oorblywende tekort aan fondse in die mark deur die Bank geakkommodeer in die vorm van herdiskonterings en oornaglenings aan diskontohuise en ander bankin-

Bankkrediet



stellings. Herfinansiering deur die Bank het toegeneem van 'n daaglikse gemiddelde van R628 miljoen in Augustus tot R1 250 miljoen in September, voordat dit weer tot R873 miljoen in Oktober afgeneem het. Op 26 November het hierdie akkommadasie R929 miljoen beloop.

In ooreenstemming met die grondliggende ekonomiese veranderings, is die Bankkoers (die koers waarteen die Bank skatkiswissels vir die diskontohuise herverdiskonteer) verder in drie stappe van 1 persent elk gedurende September, Oktober en November verlaag. Dit het daar toe bygedra dat die Bankkoers, wat vroeg in Mei nog 21,75 persent bedra het, tot 13,0 persent op 20 November verlaag is. Breedweg ooreenstemmende verlaging is ook in die Bank se ander herdiskonteringskoers en in sy rentekoerse op oornaglenings aan die diskontohuise en ander bankinstellings aangebring.

Korttermynrentekoerse


Die Reserwebank se optrede vanaf die derde kwartaal het 'n daling in korttermynrentekoerse ondersteun. 'n Verdere verswakking in die private sektor se vraag na bankkrediet, 'n afname in regeringsdeposito's gedurende September en 'n toename in die Reserwebank se netto buitelandse-valutareserves in Oktober het ook tot 'n ver-

laging in korttermynrentekoerse bygedra. Gevolglik het die koers op bankaksepte van drie maande byvoorbeeld van 'n hoogtepunt van 22,75 persent in die laaste week van Februarie tot 13,20 persent op 27 November gedaal. Insgelyks het die koers op skatkiswissels van 21,80 persent vroeg in Maart tot 12,90 persent op 27 November gedaal terwyl die prima-oortrekingskoers van die verrekeningsbanke van 25,0 persent vroeg in Mei tot 16,5 persent op 25 November verlaag is.


Kapitaalmarkbedrywigheid

Die kapitaalmarkbedrywigheid, wat vanaf die begin van 1985 aansienlik toegeneem het, het gedurende die derde kwartaal betreklik lewendig gebly. Die openbare sektor se lenings deur middel van nuwe uitgifte van bemarkbare effekte het in die derde kwartaal R0,4 miljard bedra, nadat 'n buitengewoon groot bedrag van R2,0 miljard reeds in die tweede kwartaal opgeneem is. Maatskappye wat op die effektebeurs genoteer is, het nie in die eerste helfte van 1985 enige nuwe fondse in die mark vir vaste-rentedraende effekte opgeneem nie, maar gedurende die derde kwartaal nuwe uitgifte ten bedrae van R0,2 miljard in hierdie mark gemaak. Hierbenewens

Korttermynrentekoerse




Fondse in die kapitaalmark opgeneem



het hulle hul uitgiftes van nuwe aandelekapitaal verhoog van R0,2 miljard in die tweede kwartaal tot R0,6 miljard in die derde kwartaal. Deur hul opname van fondse in die kapitaalmark te vergroot was die maatskappye in staat om vanaf die tweede kwartaal van 1985 hul gebruik van bankkrediet te beperk. In die verbandmark het nuwe lenings wat deur die bouverenigings toegestaan is in die derde kwartaal R1,6 miljard bedra teenoor 'n kwartaallikse gemiddelde van R0,9 miljard gedurende die eerste helfte van 1985.

In die sekondêre mark het die waarde van die effekte van die openbare sektor wat op die effektebeurs verhandel is, effens afgeneem van R15,5 miljard in die tweede kwartaal van 1985 tot R14,9 miljard in die derde kwartaal, maar laasgenoemde syfer was nog aansienlik hoër as die R9,9 miljard van die eerste kwartaal van 1985. Maatskappyaandele wat op die effektebeurs verhandel is, het toegeneem van R1,0 miljard in die eerste kwartaal van 1985 tot R1,6 miljard in die tweede kwartaal en tot R1,9 miljard in die derde kwartaal. Die waarde van transaksies in vaste eiendom het in die derde kwartaal op 'n vlak van ongeveer R2,4 miljard gebly, wat aansienlik laer as die kwartaallikse gemiddelde van R3,0 miljard in 1984 was.

Bouverenigings




Langtermynrentekoerse

In teenstelling met die voortgesette daling in korttermynrentekoerse, het langtermynrentekoerse in Augustus 1985 weer begin styg. Hierdie ommekteer was klaarblyklik toe te skryf aan verwagtings aangaande 'n hoër inflasiekoers en onsekerheid omtrent die toekomstige verloop van langtermynrentekoerse in die lig van die ongunstige politieke ontwikkelings en die beperkte moontlikheid om onder die heersende omstandighede nuwe buitelandse kapitaal te verkry. So byvoorbeeld het die maandelikse gemiddelde opbrengskoers op langtermynstaatseffekte, wat van 'n hoogtepunt van 17,4 persent in Februarie 1985 tot 15,3 persent in Julie gedaal het, weer tot 17,3 persent in Oktober gestyg. Die dividendopbrengskoers op alle klasse aandele het gedaal van 'n hoogtepunt van 7,7 persent in Februarie 1985 tot 5,5 persent in September in weerspieëeling van 'n gemiddelde toename van 20 persent in aandelepryse oor dieselfde tydperk.

Depositorentekoerse het dieselfde verloop as die meeste ander rentekoerse getoon. Die koers op deposito's van twaalf maande het byvoorbeeld gedaal van 'n

Langtermynrentekoerse



hoogtepunt van 20,5 persent in Maart 1985 tot 'n vlak van 14,5 persent in November. Die laer koste van fondse het die bouverenigings in staat gestel om hul maksimum verbandkoers op wonings te verlaag van 21,5 persent in April 1985 tot 'n oorheersende koers van 18,5 persent in Oktober/November. Sekere bouverenigings het hier-na hul koers selfs verder verlaag tot 18,25 persent, terwyl 'n leidende deelnemingsverbandskema sy uitleenkoers tot so laag as 16,75 persent verlaag het, verge-leke met die koers van 23,6 persent in April 1985. Die bouverenigings het ook die verskil tussen hul maksimum-en minimumkoers ten opsigte van woningverbande aan-sienlik verminder, naamlik van 2,5 persent vroeg in 1985 tot slegs 0,5 persent in Oktober.

Staatsfinansies


Skatkisuitreikings en -ontvangste

Skatkisuitreikings* was gedurende die tweede kwartaal van die fiskale jaar 1985/86 30 persent hoër as in die ooreenstemmende kwartaal van die voorafgaande fiskale jaar. Dit het die koers van toename in die eerste helfte van die fiskale jaar 1985/86 op $24\frac{1}{2}$ persent te staan gebring. Hierdie uitreikings het 52 persent van die finale begrotingsraming van uitgawes vir die fiskale jaar in sy geheel beloop, 'n verhouding wat in ooreenstemming is met die seisoenspatroon van uitgawes wat gedurende die voorafgaande drie fiskale jare daargestel is. Om by die finale beraamde begrotingstyging van 13,6 persent te hou, sal die uitgawes gedurende die tweede helfte van die fiskale jaar slegs met 8 persent bo die vlak in die tweede helfte van die voorafgaande jaar moet styg.

Die Tesourie het egter alreeds aangedui dat die departemente in die lig van die veranderde ekonomiese omstandighede, meer ruimte in hul besteding toegelaat sal word, maar dat die Regering steeds sal mik na 'n tekort voor lenings van ongeveer 3 persent van die bruto binne-landse produk. Benewens die R500 miljoen wat deur

*Die Skatkisrekening is aangesuiwer vir veranderings in die saldo op die Betaalmeestergeneraalrekening.

Skatkisuitreikings en -ontvangste




die Minister van Finansies vir die verligting van werkloosheid aangekondig is, sal verdere uitgawe-oor-skrydings waarskynlik daartoe lei dat die geraamde uitgawes oortref sal word.


Vergeleke met die ooreenstemmende tydperk in die voorafgaande fiskale jaar, het die ontvangste op die Skatkisrekening met 28 persent in die tweede kwartaal van die 1985/86 fiskale jaar en met 30 persent in die eerste helfte van die fiskale jaar gestyg. Hierdie koerse

van toename in die eerste helfte van die fiskale jaar was aansienlik hoër as die begrotingsraming van 18,8 persent vir die fiskale jaar in sy geheel. Inkomstebelastingbetalings deur nie-mynmaatskappye en goudmyne het met onderskeidelik 53 persent en 55 persent gestyg, teenoor die begrote toenames van onderskeidelik 10 persent en 21 persent. Die aansienlike styging in inkomstebelastingbetalings deur nie-mynmaatskappye was in 'n groot mate toe te skryf aan die invordering van agterstallige belastings en die vervroeging van belastingontvangste deur die instelling van 'n derde voorlopige belastingbetaling deur maatskappye. Die hoër betalings deur goudmyne het die verhoging in die randprys van goud, vanweë die depresiasie van die rand, weerspieël. Die toenames in die ander belangrike klasse van belastingontvangste, soos die algemene verkoopbelasting en persoonlike inkomstebelasting, het min of meer met die begrotingsramings ooreengestem. Aan die ander kant het doeane-reg, wat na raming in 1985/86 matig sou styg, in die eerste helfte van die fiskale jaar met 18 persent afgeneem as gevolg van die laer invoer.

Staatsinkomstefonds: Inkomste-invorderings



Skatkisrekening



Tekort voor lenings

In die tweede kwartaal van die fiskale jaar is 'n surplus van R319 miljoen op die Skatkisrekening behaal. Dit het daar toe bygedra om die tekort in die eerste helfte van

die fiskale jaar tot R2 057 miljoen te verminder. Hierdie bedrag is uit die volgende bronne gefinansier:

	<u>R miljoene</u>
Openbare Beleggingskommissarisie	1 461
Nie-bank- private sektor	922
Monetêre banksektor	-15
Buitelandse sektor	-85
	<hr/>
	2 283
Min: Diskonto op staatseffekte	-226
Totaal	<hr/> <u>2 057</u>